e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

16 Januarie 2014
Jaargang 6 – Uitgawe 41

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

God begin altyd weer voor met ons

***Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom kerm ek so? Vertrou op God! Ja, ek sal weer vir Hom 'n loflied sing. Hy is my helper en my God!* (Psalm 42/43 refrein)**

Aan die begin van 'n nuwe jaar sien 'n mens gewoonlik weer kans vir die lewe. Ons kon moontlik 'n bietjie rus, afskakel en asem skep. Ons is deur die herdenking van die Kersgebeure geestelik versterk. Maar ons weet ook dat die nuwe jaar nuwe uitdagings gaan inhou. Ons weet nie watter beproewings daar vir ons in die nuwe jaar voorlê nie. Daarom het ons ook soms net nie die lus en die krag om weer voor te begin met alles en aan te gaan met die lewe nie.

Die digter van Psalm 42/43 het ook hierdie spanning beleef waarin gelowiges hulle dikwels bevind. Aan die een kant is daar die oënskynlike afwesigheid van God. Terwyl hy kyk na die bruisende waters van die Jordaanrivier, voel hy soos 'n wildsbok in die woestyn. Aan die ander kant herinner hy homself herhaaldelik daaraan dat God altyd weer uitkoms bring en voor begin met hulle wat op Hom vertrou. Ons sien dit in die feit dat die digter se lied nie ophou aan die einde van Psalm 42 nie. In Psalm 43 bid hy om God se lig en waarheid. In hierdie teenwoordigheid van God in sy lewe, vind hy troos en krag en oorwinning.

Ons kan met die troos en sekerheid lewe dat God altyd weer voor begin met ons. God is nooit klaar met ons nie. Die gelowige kind van die Here se lied het altyd nog 'n versie. Ons kan gelowig aan God bly vasklou as die golwe van die lewe oor ons slaan. Ons kan bly glo, bid en sing. Omdat ons weet dat God uiteindelik alles weer nuut maak. Mag u ook hierdie vernuwende krag van God in u persoonlike en geestelike lewe ervaar.

Dit gee vir ons hoop as ons weet dat God ook sy kerk voortdurend vernuwe en bou. Vir baie gemeentes en predikante was die laaste paar jaar 'n stryd om oorlewing. En daar is verseker nog groot uitdagings wat voorlê. Maar ons het ook ervaar dat die Here met die laaste AKV 'n nuwe begin met die Hervormde Kerk gemaak het. Ons kan met geloof en vertroue op God die nuwe jaar ingaan en ons verantwoordelikhede as predikante en lidmate met vreugde nakom omdat God deur sy Gees in ons en deur ons werk. Dit is opmerklik dat die psalmdigter juis in die feesvreugde wat hy saam met medegelowiges ervaar en by die altaar van God, weer nuwe krag en inspirasie kry. Mag ons as Kerk hierdie jaar juis dit vir mekaar en vir die wêreld wees: die sigbare getuienis dat God altyd alles weer nuut maak.

Ons kan saam met die skrywer van Openbaring 21 sing:
Dié wat die Here wil dien, húl het 'n nuwe toekoms.
Swaarkry vir altyd verby – God laat hul vreugde sien.
Gister se seer is verby, gister se stryd vergete…
Stil maar, wag maar, alles word nuut – die hemel en die aarde!
(Gesang 601)

Dr Gerhard Lindeque
Visevoorsitter
Kommissie van die AKV

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhka.org**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Johan Holtzhausen

Prop Bernard Prinsloo

Ds Petri van Rooyen

Ds Attie Hattingh

Beroep ontvang

- **Ds JA (Johan) Holtzhausen** (beroepafwagtend) na Vryburg (deeltyds)
- **Prop CB (Bernard) Prinsloo** (beroepafwagtend) na Onverwacht
- **Ds PH (Petri) van Rooyen** van Ruskoppies/Joachim Prinsloo na Delareyville

Beroep aanvaar

- **Ds AJ (Attie) Hattingh** van Delareyville na Krugersdorp-Noord
- **Ds JA (Johan) Holtzhausen** (beroepafwagtend) na Vryburg (deeltyds)
- **Prop CB (Bernard) Prinsloo** (beroepafwagtend) na Onverwacht

Vakante standplase

- **Gemeente Strand in die Wes-Kaap** beplan om hul **vakante standplaas** te vul. Hierdie is 'n gevestigde gemeente met preekpunte in die Strand sowel as op Hermanus. Dit bestaan uit ongeveer 278 lidmate waarvan 244 belydend is. 'n Groot persentasie van die lidmate is afgetredenes.

  Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om die Woord suiwer te verkondig en al die gewone pastorale werk te verrig, met besondere klem op die bearbeiding van die jeug, bearbeiding van bejaardes en gemeentelike ontwikkeling. Saam met die projektekomitee moet bestaande projekte uitgebou word en nuwe projekte geïnisieer en geïmplementeer word waar nodig.

  Die gemeente bied 'n pakket volgens die aanbevole skaal tot op vier diensjare, met reistoelae. Belangstellende predikante/proponente kan **voor 31 Januarie 2014** 'n volledige CV stuur aan jhdvb@vodamail.co.za. Vir navrae, kontak die skriba, oudl Japie Botha, by 021 851 6351 / 083 231 6321, of ds Chris le Roux, by 021 889 9603 / 079 495 3239

- **Gemeente Witbank-Suid** se gemeentebediening is vakant en die gemeente het opdrag gegee om die vakature te vul. Hierdie is 'n gevestigde plattelandse gemeente in Mpumalanga, deel van die ring van Bronkhorstspruit en met die potensiaal om te groei. Die gemeente bestaan tans uit sowat 190 belydende lidmate met ongeveer 96 besoekpunte wat in wyke ingedeel en in die dorp geleë is.

  Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om die gemeente met die Woord te bedien en, soos ooreengekom sal word, deel te wees van die bedieninge en dit verder te ontwikkel.

  Die gemeente bied 'n onderhandelbare pakket volgens skaal. Belangstellende kandidate kan **voor of op 16 Februarie 2014** 'n volledige CV stuur na die volgende e-posadres: **nhkaws@gmail.com**. Navrae kan gerig word aan: ds Naas Lombard (eerste Konsulent van die gemeente) by 082 261 3010, of Willie van Dyk (skriba/ ouderling) by 082 887 5403. Slegs gekeurde kandidate sal vir onderhoude genooi word. Die gemeente behou die reg om kandidate wat nie aansoek gedoen het nie, ook te oorweeg.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Ds Coen de Lange

Ds Neels Botha

Ds Thys Redelinghuys

- Emerituspredikant **ds JC (Coen) de Lange** is op 17 Desember oorlede. Die begrafnis het op 23 Desember in Gemeente Hartebeeshoek plaasgevind. Ds De Lange is in 1954 in Gemeente Wonderboompoort georden en was na sy dienstydperk in dié gemeente vanaf 1956 in Turffontein werksaam, vanaf 1959 in Wolmaransstad, vanaf 1964 in Witfontein, en was Evangelisasiepredikant vanaf 1981. In 1986 is hy benoem as skriba van die Kommissie van die AKV. Hy het ook van 1986 tot 1994 pastorale hulp verleen in Wonderboompoort, en het in 1991 emeritaat aanvaar. Ons innige simpatie gaan aan mev Susan de Lange en hul familie.

- Emerituspredikant **ds (CJ) Neels Botha** is op 29 Desember oorlede. Die begrafnis het op 3 Januarie in Gemeente Springs-Oos plaasgevind. Ds Botha is in 1970 in Gemeente Vanderbijlpark georden, en was na sy dienstydperk in dié gemeente vanaf 1981 werksaam in Sundra, en het in 1995 emeritaat aanvaar. Ons innige simpatie gaan aan mev Anretha Botha en die familie.

- **Ds (MJ) Thys Redelinghuys** en sy vrou Hermien was in Ramsgate saam met vriende met vakansie toe hy op 31 Desember verdrink het. Die begrafnis het op Woensdag 8 Januarie in Gemeente Horison Roodepoort plaasgevind. Die diens is gelei deur dr Gerhard Lindeque, en dr Johann Beukes het die seremonie buite die kerk behartig. Ds Redelinghuys is in 1981 georden en het in sy leeftyd in gemeentes Spings-Oos, Rustenburg-Suid, Rustenburg-Tuine, Witpoortjie en Roedtan gedien. Hy het ook waardevolle werk onder die lidmate in Zimbabwe verrig. Ons innige simpatie gaan aan sy gesin, sy ouers ds Martyn en mev Babs Redelinghuys, sy broer ds Frans en mev Lia Redelinghuys, en die res van hul familie.

- **Ds Steve Oxton se vader, Dave**, is op 28 Desember oorlede. Die begrafnis het op 31 Desember in Gemeente Kempton Park-Oos plaasgevind. Ons innige simpatie gaan aan ds Oxton en hul familie.

- **Ds Koos Naudé se seun, Francois**, is op 31 Desember oorlede. Ons innige simpatie aan ds Naudé en die familie. Ds Naudé woon in Grimbeeckpark, Potchefstroom.

- **Ds Eksteen Botes van Nelspruit se moeder, Nellie Botes**, is op Sondag 5 Januarie in die Little Company of Mary-hospitaal oorlede. Sy was vir meer as ’n maand vir behandeling in die hospitaal en was by tye baie ernstig siek. Sy het egter mooi herstel en haar heengaan was skielik. Sy was 80 jaar oud. Ds Botes se vader is vyf jaar gelede oorlede. Die begrafnis van ds Botes se moeder het op Vrydag 10 Januarie in Gemeente Primrose plaasgevind. Ons innige simpatie gaan aan ds Botes en hul familie.

- **Ds Arno Nieuwhof se moeder** is verlede week oorlede nadat sy geruime tyd siek was. Ons innige simpatie gaan aan ds Nieuwhof en hul familie.

- **Prof Matsobane Manala**, Moderator van die MRCC, het ’n operasie ondergaan en herstel tans tuis. Ons wens hom spoedige herstel toe.

- **Gemeente Verwoerdburg** het ’n siekediensgroep wat graag siekes in Unitas besoek. Dit is egter soms moeilik om uit te vind waar die Hervormers is. Indien daar mense is wat in Unitas is en behoefte het aan besoek, kan hulle gerus die

gemeentelike kerkkantoor kontak sodat die diensgroep by hierdie mense kan uitkom. Skakel 012 664 2044 tussen 08:30 en 13:00.

Dr Daan en mev Frieda van Wyk

- **Dr Daan en mev Frieda van Wyk** het hul 50ste huweliksherdenking op 14 Desember saam met die Hervormers van Stilbaai gedenk. Op Sondag 15 Desember is die geleentheid op paslike wyse met tee en lekkernye saam met die egpaar gevier. Goeie wense word hulle, hul kinders en kleinkinders toegebid. Mag hulle nog lank vir mekaar gespaar bly. Sterkte ook aan dr Daan wat op 10 Februarie 'n knievervanging moet ondergaan.

Prof Marthinus Pretorius en kollegas

- **Prof Marthinus Pretorius** het op Sondag 15 Desember sy 50ste ampsjubileum saam met familielede, vriende en kollegas in Gemeente Pretoria-Oos gevier. Oudl Tom Moodie het namens die Kommissie van die AKV waardering aan prof Pretorius oorgedra vir die waardevolle bydrae wat hy tot die teologie in die besonder en ook aan die Kerk gelewer het. Prof Pretorius is op 13 Desember 1963 georden en het in Hartbeesfontein en as kapelaan in Voortrekkerhoogte gedien. Hy het as hoogleraar aan die Universiteit van Leuven, waar hy vir baie jare gedoseer het, geëmeriteer. Hy lewer steeds kosbare bydraes as lidmaat van Gemeente Pretoria-Oos. **Op die foto** is van links na regs ds Hannes van der Merwe, ds Dries Beukes, prof Pretorius, prof Gert Pelser, ds Johannes Banda en prof Matsobane Manala.

Legitimasie Desember 2013

- Die volgende **proponente** is gelegitimeer op 5 Desember: PWB (Pierre) Britz; A (Aniena) Prinsloo; CB (Bernard) Prinsloo; QJ (Quinten) Schimper; EM (Liza) Steenekamp; G (Gerrit-Daan) van der Merwe; JW (Johan) van der Merwe; L (Lulani) van der Merwe; CL (Nelius) van Niekerk; en SH (Fanie) Willers.
  Die **akademiese pryse** is soos volg toegeken:
  HP Wolmarans-prys: Godsdiens- en Sendingwetenskap: Johan van der Merwe
  AD Pont-prys: Kerkgeskiedenis: Johan van der Merwe
  PJ Müller-prys: Dogmatiek en Christelike Etiek: Johan van der Merwe
  Greyvensteinprys: Nuwe-Testamentiese Wetenskap: Quinten Schimper
  B Gemser-prys: Ou-Testamentiese Wetenskap: Lulanie van der Merwe
  JI de Wet-prys: Praktiese Teologie: Geen prystoekenning vir 2013
  Kuratoriumprys: Beste skripsie: Gerrit-Daan van der Merwe
  WP Brouwer-prys: Oor die hele terrein van teologiese studie: Johan van der Merwe en Lulani van der Merwe

Aksiegroep Gestremdheid

- **ADV SE JAAR VIR GESTREMDHEID**. **Respekteer en akkommodeer.** Aanvaar jou kind met enige vorm van gestremdheid onvoorwaardelik met alles in jou – dis ononderhandelbaar. Ouers staar hulle dikwels so blind teen dit wat hul kinders nie kan doen nie, dat hulle nooit raaksien waartoe hul kinders in staat is nie. Kinders met gestremdhede behoort, so ver moontlik en soveel moontlik binne die kind met 'n gestremdheid se vermoë, met dieselfde goeie maniere, sosiaal aanvaarbare gedrag en alle ander kwaliteite wat 'n mens van 'n sogenaamde normale kind sou verwag, opgevoed te word.

- Die **diakens se fokuspunt in 2014** is *armoede*. Ons gaan deur die lens van armoede kyk na die verskillende diensvelde van barmhartigheid. Op **Sondag 26 Januarie** word die projek geloods. Ten einde kleur te verleen aan die dag, word die volgende voorstelle gemaak:
  - Blikke kan in die bome op die kerkterrein gehang word, om so bewustheid te skep by die gemeenskap en gemeentelede.
  - Linte kan ook aan bome vasgemaak word om bewustheid te skep.
  - Daar is 'n goeie DVD aan gemeentes gestuur wat gebruik kan word. Dit behoort gemeentes vroeg volgende week te bereik.
  - Die diakensvoorsitter of 'n maatskaplike werker kan die gemeente toespreek oor armoede.
  - Die kategese kan ook betrek word en daar kan met die kinders gepraat word

oor armoede en wat dit beteken en hoe ons ander wat minder as ons het, kan help.
- In *Konteks* van Januarie/Februarie 2014 is ook artikels oor armoede; dit kan gebruik word om inligting aan die gemeente te gee.

Navrae oor die temajaar kan aan ds Martin Jansen van Rensburg van die Werkgroep Armoede gerig word, by 083 633 7335, of aan die ADV-kantoor by 012 322 8885.

- Die **47ste Nasionale Kongres** van die **Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (NHSV)** vind plaas op 17, 18 en 19 Julie 2014 in die Aula, Universiteit van Pretoria, Lynnwoodweg 264, Pretoria. Rig navrae aan **nhsvhoofbestuur@nhk.co.za**.



- ***Tydskrif vir Hervormde Teologie* (*THT*).** Die volgende vier temas sal gedurende 2014 aandag geniet:
  - Die verlossingsleer (tweede deel van die Heidelbergse Kategismus).
  - Klein en kleiner wordende gemeentes: Hoe kan ons hierdie uitdaging hanteer?
  - Die Christelike etiek (derde deel van die HK).
  - Rudolf Bultmann: Wat het ons positief en negatief oor hom te sê, 130 jaar na sy geboorte?

  Persone wat belangstel om bydraes te lewer (tussen 3 500 en 7 500 woorde), moet met die redakteur, prof Natie van Wyk, in verbinding tree by 082 448 4759 of **aim1@mweb.co.za**. Die bydraes moet algemeen verstaanbaar wees, maar moet op deeglike navorsing berus. Die styl en aanslag moet eg Hervormd wees. Die **onderskeie sperdatums vir inhandiging** is 21 Maart, 30 Mei, 30 Julie en 30 Augustus.

- Die ***Bybelse Dagboek* van 2014** nou ook op CD beskikbaar. Gemeente Outeniqua in George het 'n projek van stapel gestuur om lidmate wat sukkel om te lees, te help. Die gemeente het die hele *Dagboek* op CD opgeneem sodat blinde lidmate, bejaardes en ander na die boodskappe kan luister. SENTIK het die teks van die *Bybelse Dagboek* aan die gemeente beskikbaar gestel en ingestem om die verspreiding van die klankopnames te behartig. Blinde lidmate hoef slegs die posgeld te betaal, terwyl ander lidmate die CD kan bekom teen slegs R30 (posgeld uitgesluit). Bestellings kan by mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za** geplaas word.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Prop Bernard Prinsloo** word op **Sondag 19 Januarie** in Gemeente Onverwacht in Ellisras georden. Dr Wim Dreyer sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon en die akte van ordening oorhandig. Besonderhede is beskikbaar by **admin@onverwachtgemeente.co.za**.

- **Ds AM (Anton) Swanepoel** vier op **26 Januarie** sy 50ste ampsjubileum in Gemeente Oos-Moot. Die diens begin om 09:00. Ds Swanepoel is op 18 Januarie 1963 in Oos-Londen georden deur wyle ds AJ van Staden, destyds predikant van Gemeente Silverton. Dr Frikkie Labuschagne sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon.

- **Gemeente Westonaria** vier hul 60ste bestaansjaar met 'n buitengewone erediens op **Sondag 2 Februarie** om 11:00. Oudpredikante en oudlidmate word hartlik uitgenooi om die geleentheid by te woon. Kontak Eugienne Muller by die gemeentelike kerkkantoor by 011 753 1464 op Dinsdae, Woensdae en Donderdae van 09:00 tot 12:00, of ds Yolandé Benadé by 073 654 3144, of die skriba, Ben Greyling, by 011 753 1443 of 071 872 9517.

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 24 Januarie 2014, en word hartlik geluk gewens.**

o Donderdag 16 Januarie:	Ds JH (Hannes) Viljoen (emeritus)
o Vrydag 17 Januarie:	Di WJ (Willie) Roos (emeritus) en CJ (CJ) van Wyk (Randburg)
o Sondag 19 Januarie:	Ds MJ (Martin) Slabbert (Philadelphia)
o Maandag 20 Januarie:	Ds MJJ (Martyn) Redelinghuys (emeritus)
o Dinsdag 21 Januarie:	Dr J (Johan) Nel (beroepafwagtend), di GS (Stephen) de Beer (Noordwestelike Pretoria) en GC (Gerrie) Senekal (Lichtenburg)
o Woensdag 22 Januarie:	Ds WJ (Willem) Slabbert (emeritus)
o Donderdag 23 Januarie:	Dr WC (Wouter) van Wyk (Sinodaal) en ds GJ (Jan) Wallis (emeritus)
o Vrydag 24 Januarie:	Ds HMJ (Marius) Kramer (Kampersrus)

Beplande vergaderings

o Donderdag 16 Januarie:	Redaksie van *Die Hervormer* Finkom van die ADV Moderamen
o Vrydag 17 Januarie:	Moderamen
o Saterdag 18 Januarie:	NHSV Dagbestuur
o Dinsdag 21 Januarie:	ADV Kommunikasie
o Donderdag 23 Januarie:	OSR Bestuursvergadering ADV Dagbestuur
o Vrydag 24 Januarie:	Tugkomitee

Beskikbare behuising

- **Ons Tuis (Riviera, Pretoria)**, tehuis vir versorging van verswakte bejaardes, het tans plek beskikbaar. Ons bied u 'n volledige versorgingsfasiliteit wat insluit:
  - 24-uur mediese versorging,
  - 3 maaltye per dag,
  - sekuriteit, en
  - gereelde sosiale aktiwiteite.

  Vir meer besonderhede, skakel matrone E Mans by 012 329 3623. Aansoekvorms kan afgetrek word op **www.otmt.org**, of kontak H Fourie by 012 325 1857 om aansoekvorms aan u te stuur.

- **Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville** bied enkel- en dubbelkamer-inwoning vir **bejaardes** wat nog selfversorgend kan funksioneer. Aangename huislike atmosfeer, 2 x etes ingesluit by losies, billike tariewe. Gereelde sosiale programme. Vir meer inligting, kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310.

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys**
  24-uur versorging met drie maaltye word voorsien
  Tans is daar beskikbare kamers:
  - 2 enkelkamers suidekant @ R5 800
  - 2 beddens in die 4-bed-kamer @ R5 800

  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
  Die volgende akkommodasie is tans beskikbaar:
  4 x kamers met eie geriewe, ontbyt en middagete ingesluit
  Geskik vir selfversorgende bejaardes wat self hul kamer en wasgoed kan doen
  Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
  Kontak bestuurder, mev Mariana van Tonder, by 015 491 6314

Konserte en feeste

- **Vrydag 9 Mei om 19:00: Gemeente Verwoerdburg**
  Jukebox Roadshow
  Met Pieter Koen, Adam, Mwah en Ricus Nel
  In die Aula (UP)
  Kaartjies by iTicket (086 1000 291 of Pick n Pay)
  Pryse tussen R150 en R200
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor 012 664 2044 (08:30-13:00)

Kampe en toere

- **Gemeente Stellenbosch: Eerstejaarskamp 2014**
  Is jy 'n toekomstige Matie? Kom kamp dan saam met ons
  Saterdag 18 Januarie 2014 om 12:00 tot **Dinsdag 21 Januarie** om 15:00
  Indien jy eers 22 Januarie in die koshuis of elders moet aanmeld, kan ons vir jou stoorplek gee vir jou bagasie, en selfs slaapplek as dit vir 'n nag of wat nodig is. Kom maak sommer van vroeg af goeie vriende, leer die omgewing en kampus ken en word so ook deel van die kerklike omgewing, waar ons 'n baie aktiewe HSV het. Ons beplan om groot pret te hê op die kamp. Daar gaan besprekings wees oor jou geloof en jou studentejare, maar ook genoeg pret en plesier – swem, speletjies, stap, uitstappies...
  Baie belangrik: Indien jy ander briewe ontvang het wat jou nooi na Eerstejaarskampe, dit is ***almal kerkkampe***, al sê hulle dit nie duidelik in die briewe nie. Kom kamp dus asseblief saam met jou Kerk!
  Kontak ds Chris le Roux by 079 498 3239 / **cleroux@nhk.co.za**
  of Johanet van der Merwe, HSV-voorsitter, by 073 941 7810.

- **Leef jou droom en besoek Israel saam met my**
  26 Maart tot 5 April 2014
  Toerleier: Dr André Ungerer
  Besigtig ook die wonder van Petra in Jordanië
  Geniet die piramides en sfinks as bonus op pad huis toe
  Skakel 018 468 5129 of 082 940 8201
  E-pos: **andreung@telkomsa.net**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 1 tot 17 Mei 2014**
  15 lewensveranderende dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  012 420 3804 (w) / 082 413 2332 / **ernest.vaneck@up.ac.za**

Allesinsluitende aangepaste toerprys: R26 968
Gebaseer op wisselkoers USD1.00 = ZAR10.00
Internasionale retoerlugvervoer met Turkish Airlines in ekonomiese klas; lughawebelastings; 15 dae verblyf in eersteklas (4 ster) hotelle; drie etes daagliks; grondvervoer in luukse bus met lugversorging; alle toegangsfooie; dienste van professionele Engelssprekende gids en groepreisversekering.
Vir meer inligting kontak:
Formele reisagent: Louise Geyser
012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**

- **Vrouekamp 2014: Vrydag 16 tot Sondag 18 Mei**
  Alle dames van gemeentes, dagboek asseblief die datum!
  Tema: *Wat is nuus?*
  Sprekers: Di Janine Bevolo-Manders en Antionette Janse van Rensburg
  Koste: R550 per persoon
  Kampgronde ongeveer 40 km buite Pretoria
  Kontak Jana Peenze by 083 734 5426 / **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 / **stef1@absamail.co.za**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Pretoria-Noord: Valentynsdans**
  Vrydag 14 Februarie 2014 vanaf 19:00
  Skakel Eurita by 082 828 0811 vir meer inligting

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei 2014, trekking 1 Junie 2014
  Kaartjies: R100 donasie
  1ste prys: Koedoebul, sebra, blouwildebees, 2 rooibokke, 2 blesbokke
  plus 5 dae en 4 nagte verblyf
  2de prys: Blouwildebees, sebra, rooibok, blesbok
  plus 4 dae en 3 nagte verblyf
  3de prys: Blouwildebees, rooibok, blesbok
  plus 3 dae en 2 nagte verblyf
  Geborg deur Chaan Bezuidenhout
  Plaas se professionele jagter kan gebruik word
  Kontak Alida Reed by 082 228 3552
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895

ANDER NUUS

- **VAKATURES VIR MAATSKAPLIKE WERKERS**
  Ondersteuningsraad
  Kempton Park en Elsburg 1 voltydse pos elk
  Minimumvereistes: Maatskaplikewerkgraad en geregistreer by SACSSP
  Geldige rybewys
  Stuur CV stuur na 012 322 5787 (faks) / **oraad@nhk.co.za**

- **2 VAKATURES VIR SEKRETARESSES**
  Ondersteuningsraad Johannesburg (Newlands) en Kempton Park
  Elk 10 ure per week
  Salaris volgens jare ervaring
  Vereistes: Rekenaarvaardig en kennis van boekhouding
  Goeie administratiewe vaardighede en goeie menseverhoudinge
  Geldige rybewys
  Stuur CV aan Karen du Buisson (071 684 7855) by **oosrandpb@gmail.com**

- **Dr Jerry Pillay** is aangestel as medeprofessor in die **Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg** in die Fakulteit Teologie aan UP. Dr Pillay is die

President van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WCRC) en is sedert 2008 die Algemene Sekretaris van die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA). Hy was senior predikant by St Andrew's Presbiteriaanse Kerk in Benoni (1998-2008) asook senior predikant by Bridgetown se Presbiteriaanse Kerk in Kaapstad (1989-1998).

- **9-11 Maart: 3-dag-konferensie oor kerkstigting**
  NG Kerk Moreleta
  Met onder meer Alan Hirsch, Frederick Marais, Stephan Joubert, Stephan de Beer, Stefan Paas en Tom Smith
  R300 per persoon
  Vir meer inligting en registrasie, gaan na **www.ekerk.org**
  of kontak **natasha.felix@up.ac.za**

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Jul *e-Hervormer*-bydraes is gewoonlik goed so op 'n Vrydagoggend, eerste ding om te lees, maar hierdie laaste een is 'n uitstekende afsluiting vir die jaar. Hoop daar is volgende jaar nog sulke insiggewende bydraes wat eintlik 'n kort Bybelstudie vir die week is."

Dr Phillip E Strydom

AGTERBLAD

Konteks Januarie/Februarie 2014

Die Januarie/Februarie 2014-uitgawe van *Konteks* is nou beskikbaar.

Dr Wian Kloppers verduidelik in sy redaksionele berig dat ons in die Epifanietyd die wonder herdenk dat Christus deel van ons aardse bestaan geword het. Die skildery op die buiteblad dra pragtige simboliek waardeur die Epifanietyd ingekleur kan word. Die vyf vensters op die buiteblad verteenwoordig die vyf Sondae wat in 2014 binne hierdie tydperk val (dit wissel jaarliks). Die omgekeerde vensters dra die betekenis van Epifanie oor: Christus draai ons aardse bestaan om deur dit "hemel" te maak: God se woonplek! Dit is immers die implikasie van die boodskap God-met-ons.

Lees ook die nuwejaarsboodskappe van dr Wim Dreyer (namens die Kommissie van die AKV), diak Andries Pretorius (namens die ADV) en mev Tessa Coetzer (namens die NHSV). Geniet die nuwe rubrieke oor fotodokumentering en die ligter sy van predikant wees.

Teken in op *Konteks* vir 2014 teen R170 vir 10 uitgawes. Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of **sentik@nhk.co.za**.



Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx